Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 9 Kaapstad, 10 Mei 1950 Prys 3d. No. 25

# BRITSE REGERING IS 4 JAAR GELEDE AL VAN ATOOMSPIOEN VERWITTIG

**Daar is verlede week in Kanada aan die lig gebring dat die Britse regering reeds vier jaar gelede daarvan verwittig is dat dr. Klaus Fuchs, wat onlangs veroordeel is weens spioenasie vir Rusland, onder verdenking staan dat hy in die Russiese diens is. Desondanks het die Britse regering hom al die jare laat voortgaan om navorsing oor atoomkrag te doen en die geheime in verband daarmee te deel.**

Die Kanadese minister van buitelandse sake, Lester Pearson, het voor 'n kommissie van die laerhuis verklaar dat Klaus Fuchs se naam een van vyf verdagte persone was wat as gevolg van die spioenasie-ondersoek in 1946 aan Brittanje gestuur is. Fuchs se naam het saam met 436 ander in 'n adresboek verskyn wat op 15 Februarie 1946 beslag op gelê is by geleentheid van die inhegtenisneming van dertien Kanadese spioene.

Vyf van die name was van persone wat in Engeland gewoon het, en dit is aan die Britse regering gestuur wie se verantwoordelikheid dit was om verder op te tree. Aldus die Kanadese minister.

Hierdie onthulling werp 'n eienaardige lig op die houding van die Britse regering, wat by die inhegtenisneming van Fuchs niks anders as verbystering geveins het. Te oordeel na die berigte in die pers het daar nooit die minste verdenking teen Fuchs by enigiemand in Brittanje bestaan nie. Inderdaad was dit aan Amerikaanse speurders oorgelaat om die „lekkasie" van atoominligting te kom opspoor.

## BRITTE WIL NIE INLIGTING VAN SPIOEN AAN V.S.A. GEE

**Daar is verlede week berig dat Brittanje met uiterste koppigheid geweier het om enige inligting wat verkry is in verband met die verhoor en ondersoek van dr. Klaus Fuchs, die Britse atoom-spioen, wat onlangs tot 14 jaar tronkstraf veroordeel is, aan Amerika beskikbaar te stel.**

Amerikaanse amptenare verklaar dat heelwat belangrike inligting omtrent Russiese spioenasie verkry is uit die ondervraging van Fuchs, maar dat die Britse regering nie hierdie inligting aan Amerika wil verstrek nie. Die Amerikaanse regering het uiteindelik daarop aangedring dat lede van sy geheime diens geleentheid moet kry om Fuchs self te ondervra. **Dit wou die Britse regering ook nie toelaat nie, maar nadat Amerika „baie swaar druk" in die afgelope week toegepas het, het die Britse regering ingewillig om die ondervraging te laat plaasvind.**

## NIEMAND SAL S.A. HINDER OP INDIË SE PAD

**Niemand sal in die weg staan as Suid-Afrika die pad van Indië wil volg om 'n republiek binne die Empire te word nie, is die mening wat in Brittanje gehuldig word.**

Die Britse blad, Spectator, skryf na aanleiding van dr. Malan se jongste uitlatings oor die veranderings in die Britse Statebond as volg:

„Dit word besef dat die ooreenkoms wat met Indië bereik is, die weg gebaan het vir enige lid van die Statebond om 'n republikeinse vorm van regering aan te neem. **Indien Suid-Afrika begerig is om daardie pad te volg, sal en kan niemand hom verhinder nie.**"

# VERLEDE BIED VERKLARING VIR BRITSE HOUDING JEENS SPANJE

**„In Desember 1937 het Attlee (Britse eerste minister) 'n afvaardiging van linksgesindes na Madrid gelei; hulle was die gaste van die Kommunistiese regering. U onthou nog die befaamde „vuis-saluut-portret"? ('n Foto waarop Attlee met sy groep die Kommunistiese saluut gee).**

**„Onthou u nog wie almal op daardie foto verskyn het en saam met die destydse leier van Sy Majesteit se Opposisie rooi Spanje gesalueer en 'n Kommunistiese oorwinning oor Europa verwelkom het? Saam met Attlee op daardie Madrid-balkon was Noel Baker. Hy is vandag minister van brandstof en kragvoorsiening! En dan was daar Palmiro Togliatti — hy is vandag die leier van die Kommunistiese Party in Italië! Hoe het die kêrels nie gevorder nie!**

**„By sy terugkeer in 1937 het Attlee 'n landswye veldtog, georganiseer deur die Arbeidersparty, ten behoewe van rooi Spanje gelei.**

**„Een van die Kommunistiese leër-kompanies is genoem die „Majoor Attlee-kompanie". En Attlee is vandag eerste minister van Brittanje. Die ‚nasionale' pers en die ‚patriotiese' Tories swyg vandag oor hierdie feite, maar dit verklaar 'n hele boel van die dinge wat vandag plaasvind — daar is oral familie-geheime!"**

**Bostaande verskyn in 'n nuusbrief van die Britse joernalis G. F. Green na aanleiding van die feit dat Attlee drie Jode, van wie minstens twee met bedenklike politieke verledes, in sleutel-kabinetsposte het. Hulle is Shinwell (minister van verdediging), Strachey (minister van oorlog) en Strauss (minister van vervoer).**

**Hierby kan nog genoem word die konsekwente weiering van die Attlee-bewind om enigiets met die huidige nasionale Spaanse bewind te doen te hê. Dit lyk of ou liefde op politieke gebied ook nie roes nie.**

## Geen Verbod Op Kommuniste

Die Britse regering het verlede week aangekondig dat hy nie voornemens is om wetgewing teen die Kommuniste in te dien nie. Daar is geen sprake van 'n verbod op die Kommunistiese Party, soos in Australië nie.

'n Paar weke gelede het die eerste minister, Clement Attlee, ten antwoord op 'n vraag ook gesê dat sy regering nie van voorneme is om die Kommuniste uit die onderwysberoep te verwyder nie.

Die Kanadese eerste minister, Louis St. Laurent, het ook op 'n vraag in die parlement geantwoord dat sy regering nie oorweeg om die Kommunistiese Party te verbied nie, hoewel hulle met belangstelling die wetgewing van Australië en Suid-Afrika dophou.

# Gevaar Dat Volk Weer Aan Empire Onderwerp Word

**Dr. Malan het vandag die mag om die nodige staatshervormings teweeg te bring. Indien hy nie van sy geleentheid gebruik maak nie, dog toelaat dat die gety van ontevredenheid maar weer die Smuts-party aan bewind bring binne die Britse parlementêre stelsel, dan rus die verantwoordelikheid op hom dat ons volk weer aan 'n Britse vyfde kolonne uitgelewer word, het mnr. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier, verlede week op 'n offisiersvergadering te Bellville verklaar.**

Genl. Laubscher het ten aanvang 'n historiese oorsig gegee van die ontstaan van die Ossewabrandwag en die gebeurtenisse wat daarop gevolg het. **Veral het hy die feit beklemtoon dat die Ossewabrandwag in 1938 d.w.s. vóór die oorlog gebore is en wel uit die eenheidsdrang en die republikeinse oplewing van die Afrikanervolk.** Gedurende die oorlog moes die Ossewabrandwag 'n aksiestryd voer omdat die O.B. die enigste was wat aktiwisties is. Daar moes geveg word vir die bestaan van die O.B. — die koers van die O.B. was nie soveel ter sprake nie.

Na die oorlog het hierdie flankstryd weggeval, maar die broederstryd wat intussen ontketen is, het voortgeduur. Die O.B. het egter mettertyd 'n vriend gekry op parlementêre terrein in die A.P. **Nou is ons in die gelukkige posisie dat die hele kwessie van broederstryd, diskriminasie teen O.B.-lede ens. in die hande van dr. Malan en mnr. Havenga gelaat kan word. Ook hierdie flank is nou gedek en die Ossewabrandwag het nou die geleentheid om positief vorentoe te gaan.**

Die Ossewabrandwag het gedurende die afgelope jare 'n tydperk van insinking deurgemaak. Die groot rede was die feit dat die mense nou liewer die twee nasionale partye 'n geleentheid wou gee om te wys wat hulle kan doen. Groot verwagtinge is gekoester.

Daar is egter reeds twee groepe mense wat vrae begin vra! Ten eerste die vlottende stem wat laas teen Smuts gestem het omdat huise, skaapvleis en baie ander dinge skaars is. Die posisie i.v.m. lewenskoste word egter al hoe slegter en die vlottende stem begin wonder of hy nie duiwel verruil het vir Beëlsebul nie.

Maar dan is daar ook die vaste ou partyman wat in 'n Malanbewind die uitvoering van sy ideale tegemoet gesien het, wat nou begin vrae vra: Die republiek kom nie nader nie — inteendeel die republikeinse gedagte raak verwaterd. Die Nasionale Party het alle Hansards opgekoop waarin die toespraak wat dr. Malan gehou het nadat hy van Engeland teruggekeer het, gepubliseer is. **Sedert 1948 is nog geen tree gevorder in die rigting van volkseenheid nie.** Vroeër was daar net een verskilpunt nl. die O.B. Nou is daar twee: die O.B. en die kleurlingstem. Ons het verder van mekaar gegaan in plaas van nader gekom.

Verder is daar die apartheidskwessie. „Apartheid" was onlangs nog genoeg om hewige verkiesingskoors te veroorsaak. Totale apartheid word egter nou deur dr. Malan verwerp, sodat die Sappe nou sê dat hy by hulle

(vervolg in vorige kolom)

(vervolg van volgende kolom)

behoort. **Die feit bly staan dat 'n mens nie die nie-blanke ekonomies in die blanke samelewing kan integreer en dan nie vir hom politieke regte gee nie.** Die vaste ou partyman en ook ander begin nou wonder waarom hulle dan so 'n vreeslike verkiesingskoors gekry het.

Kort na die verkiesing het baie mense gemeen dat die nasionaliste altyd aan bewind sal bly. Nou begin baie al wonder of Smuts nie tog weer aan bewind gaan kom nie.

**Waar vroeër gesê is dat indien die O.B. nie vir Malan stem nie, stem hulle vir Smuts, daar sê ons nou:**

**„Dr. Malan, jy het nou die mag om die nodige staats- en grondwethervormings aan te bring. As jy nie die bestaande stelsel verander nie, sal jy verantwoordelik gehou word, indien genl. Smuts weer aan bewind kom."**

**Die Britse konneksie is die parlementêre stelsel wat elke keer veroorsaak dat 'n Britse 5de kolonne maar weer aan bewind kom.**

**Die taak van die O.B. in hier-**

(vervolg in kolom 3)

(vervolg van kolom 4)

**die tyd is om, waar die nasionale regering blykbaar besig is om ten opsigte van belangrike ideale te verbrits en te versap, as 'n nuwe nasionale loot op te skiet om die stryd verder voort te sit.**

# OPSAALBEVEL KAN ENIGE TYD VERWAG WORD

**„Enige dag kan die opsaalbevel te wagte wees", lui dit in 'n oproep wat tot alle offisiere en lede van die Ossewabrandwag uitgaan van die waarnemende kommandant-generaal van die Ossewabrandwag, prof. D. J. van Rooy. Hy onderstreep die dringende taak van die Beweging en vra dat veral met die oog op dr. Van Rensburg se gesondheidstoestand, daar kragdadig georganiseer moet word.**

## *Oproep Van Waarnemende Leier*

Die verklaring lui:

My is, in my hoedanigheid as voorsitter van die Grootraad, die eer en verantwoordelikheid te beurt geval om, tydens die afwesigheid met verlof van ons hooggeagte leier, dr. Hans van Rensburg, as waarnemende kommandant-generaal op te tree. As lid van die O.B. het ek sy versoek as 'n bevel opgevat en my bereid verklaar om na die beste van my kragte sy plek te probeer vul. 'n Moeilike taak voorwaar, en ek besef ten volle hoever ek daarvoor te kort skiet. Nogtans is dit vir my 'n gerusstelling om te weet dat ek tydelik aan die hoof te staan gekom het van 'n groot aantal pligsgetroue en bekwame offisiere en amptenare, van 'n beweging waarvan elke lid met hoë en beproefde ideale vir volk en land besiel is. Waar ek terselfdertyd die voorreg het om leier van ons Boerejeug te wees, is dit vir my 'n des te groter eer om vir 'n tydjie in dubbele hoedanigheid ons geliefde Volksbeweging te kan dien.

**Vir 'n geruime tyd al was dit vir die U.R. duidelik dat die voortdurende, byna bomenslike inspanning van die afgelope jare duidelike spore op die sterk gestel van ons K.G. afgedruk het. Telkens weer het die U.R. by hom aangedring dat hy hom vir enige maande, desnoods vir 'n jaar, aan sy O.B.-pligte moet onttrek. Dit het egter 'n pertinente mediese waarskuwing gekos alvorens hy gehoor wou gee.**

Ons gun die K.G. die rustydjie. Mag dit hom na liggaam en gees versterk en hom sy volle kragte terugbesorg — dit is ons bede. **Maar ons kan daartoe baie bydra — en as ek sê „ons" bedoel ek elke offisier en brandwag — deur nl. sonder enige uitstel ons organisasie, plaaslik en algemeen, op te knap en in 'n puik toestand te hê teen die tyd dat K.G. die leiding weer aanvaar. ONS het nou lank genoeg gerus, daar wag weer 'n taak, 'n VOLKSTAAK, die O.B. waardig. Elke dag bring dit duideliker aan die lig. Ons blad blaas die waarskuwende basuin helder en aanhoudend; lees en laat lees! Enige dag kan die opsaalbevel te wagte wees. Elke brandwag dus op sy pos.**

# SKEIDSLYNE TUSSEN PARTYE AAN VERVAAG

**By geleentheid van die oorhandiging van 'n geskenk op sy 68ste verjaardag het min. N. C. Havenga gesê dat daar vandag nog nét een vraagstuk is wat die land verdeel en dit is die kleurvraagstuk.**

**„As ons in hierdie land wil voortbestaan, sal ons ontslae moet raak van die opvatting dat die kwessie aan die een of ander party voordeel moet besorg. Ons sal gesamentlik 'n oplossing daarvoor moet vind," het die Minister gesê.**

**Wat mnr. Havenga beklemtoon het, is 'n saak wat denkendes in ons land geruime tyd al waargeneem het — die skeidslyne tussen die politieke partye in ons land is besig om te vervaag en dit word al moeiliker vir hulle om mekaar op 'n grondslag van teenstelling te beveg. Laat ons 'n paar hoofpunte noem.**

Een van die grootste twispunte in die verlede was buitelandse beleid. Teenoor die republikeinse vryheidstrewe — waarmee die Nasionale (later die Herenigde) Party hom vereenselwig het — het gestaan die imperialistiese beleid van die Suid-Afrikaanse (later die Verenigde) Party. Saam hiermee het gehang die kwessie van deelname aan buitelandse oorloë — 'n saak wat groter bitterheid in ons politieke lewe veroorsaak het as enige ander enkele faktor. **Albei hierdie skeidslyne het reeds so vervaag dat die partye mekaar moeilik daaroor kan beveg. Die Herenigde Party se leier het verlede jaar 'n „republikeinse" beleid aanvaar in Londen waarmee die hele Britse wêreld akkoord gaan en wat hulle reeds aan Indië gegun het.** Hy het trouens baie uitdruklik gesê dat die Unie „onder enige omstandighede" in die Statebond wil bly en slegs uiting aan die republikeinse strewe wil gee in sover dit 'n verandering van aanwysing van die goewerneur-generaal betref en die benaming van die amp. **Die Britse konneksie sal gehandhaaf word — presies waarvoor die Verenigde Party altyd geveg het.**

### GEE TOE

Hierteenoor het laasgenoemde party weer nader aan die nasionale stroom gekom toe hy onlangs sonder protes meegehelp het aan die afskaffing van die reg van appèl na die Britse „Geheime Raad" 'n saak wat weens sy teenstand nog nooit voorheen aangedurf kon word nie.

**Van Nasionale Party-kant is die voorneme herhaaldelik uitgespreek dat die Unie in 'n volgende oorlog saam met Brittanje teen Rusland sal veg, en die Minister van Verdediging volg dan ook 'n beleid van militêre inskakeling by die Britse verdedigingstelsel. Dus ook geen verskilpunt meer oor hierdie saak nie.**

### V.V.O.

Daar is die V.V.O. en ons houding teenoor die res van Afrika. Die Verenigde Party het in die stryd oor die Indiërs heelwat van sy geesdrif vir die volke-organisasie verloor en genl. Smuts het selfs al twyfel uitgespreek of die V.V.O. nog aan sy doel beantwoord. Hy het die mening uitgespreek dat streekorganisasies 'n verbetering sal wees. Hierdie skeptisisme is van die begin af van nasionale kant gedeel, terwyl dr. Malan in sy toespraak verlede week uitdruklik verklaar het dat die Unie darem ook nie bereid is om die V.V.O. te verlaat nie. Dus blykbaar algehele eenstemmigheid hier.

### AFRIKA-BELEID

Genl. Smuts was al die jare bekend as 'n sterk voorstander van 'n groter Afrika-samewerking, en op een tydstip was die moontlikheid dat hy die Rhodesiës by die Unie sou inlyf, 'n bron van groot getwis. Vandag is dit verklaarde beleid van Nasionale Party-kant om 'n nouer samewerking tussen die Afrika-gebiede te bevorder, en selfs die uiterste republikeinse kant word aan die moontlikheid van 'n verenigde state in Afrika gunstige oorpeinsing geskenk. Dus hier ook geen beginselverskil wat stryd hoef te veroorsaak nie.

Ons houding teenoor Suidwes bied ook geen strydpunt nie. Die nasionale bewind is vandag eintlik maar besig om prakties te beoefen wat die Verenigde Party tydens sy bewind bepleit het — nadere inskakeling van die gebied by die Unie. Verskil van mening gaan hier hoofsaaklik oor die mate van partypolitieke wins wat die vorm van inskakeling die een of ander party bo die ander kan besorg.

Oor die protektorate het daar 'n tyd gelede verskil van mening gedreig toe dr. Malan op sy kongres 'n verklaring oor die saak gemaak het, maar sedertdien het die Verenigde Party sy steun aan die Eerste Minister verleen in sy aandrang op oorhandiging van die gebiede aan die Unie.

### AGTERDOG

Sover dit die buiteland betref, skyn daar dus geen enkele beginselgrond meer te bestaan vir twis tussen die partye nie. Dit is dan ook opmerklik dat as die Verenigde Party-pers die regering aanval oor sy republikeinse beleid, hy hom bepaal by óf die vroeëre uitlatings van die party-leiding óf by die private standpunt van die Transvaalse leier wat hy dan voorhou as die gogga wat in die mou gehou word — met ander woorde, blote agterdogsaaiery vir partypolitieke doeleindes.

In die binneland word daar saamgestem oor die stryd teen die Kommunisme wat genl. Smuts genoem het „'n duiwelse evangelie." In sover daar op hierdie punt verskil van mening geveins word, berus dit bloot op partypolitieke wins-oorwegings. In beginsel is daar geen verskil van standpunt nie.

### EKONOMIES

Daar het voorheen ook 'n skerp verskil op ekonomiese gebied bestaan. Die vroeëre S.A. Party wou Suid-Afrika as 'n hulpbron vir Brittanje handhaaf wat niks meer as grondstowwe aan die moederland moes lewer nie. Sedert die jongste oorlog het ook die Verenigde Party hierdie ou plank verwerp en ontpop as 'n geesdriftige voorstander vir 'n eie nywerheidsontwikkeling. 'n Ander verskilpunt op hierdie gebied was die kwessie van nasionalisering of minstens groter staatsbeheer van veral die mynwese — 'n beleid wat die H.N.P. op een tydstip sterk voorgestaan het, maar waarvan hulle in die jongste jare heeltemal afgesien het. Dus op hierdie punt ook geen beginselverskil meer nie.

### KLEURVRAAGSTUK

Die engste sake van sterk uiteenlopende belang wat oorbly, is die kleurkwessie en Indiërvraagstuk. Wat laasgenoemde betref was daar tydens die Smutsbewind al 'n sterk groep in die Verenigde Party wat in hoofsaak met die Nasionale beleid saamgestem het, en waar die Nasionale bewind hom tans bereid verklaar het om met die Indiese regering 'n tafelronde te hou oor die hele aangeleentheid, is dit twyfelagtig of daar inderdaad nog enige mate van amptelike verskil tussen die twee partye bestaan, en indien wel, of die Verenigde Party-leiding dit kan waag om in die aangesig van die Suid-Afrikaanse openbare mening 'n afwykende standpunt te bly handhaaf. Baie sal natuurlik afhang van hoeveel die huidige bewind bereid is om toe te gee in sy onderhandeling met die Indiese regering.

### NATURELLE

**Na die onlangse beleidsverklaring van die Herenigde Party by monde van sowel die Eerste Minister as die Minister van Naturellesake wat daarop neerkom dat die Party die ideaal van algehele segregasie as synde onprakties verwerp, het daar baie weinig punte van verskil oorgebly sover dit naturellebeleid betref.** Die enigste twispunt is die kwessie van politieke verteenwoordiging — 'n verskil wat eintlik ook nie prinsipieel is nie omdat die Herenigde

(Vervolg op bladsy 2 kolom 5)

# BESORGDHEID OOR LOT VAN DUITSE WETENSKAPLIKES

**Lede van die Wes-Duitse regering het in die jongste tyd besorgdheid uitgespreek oor die behandeling wat Duitse wetenskaplikes in Amerika ondervind nadat hulle aan die einde van die oorlog die Amerikaanse breinjagters ten buit geval het. Daar is onlangs berig dat die Amerikaanse regering nie wil toelaat dat hierdie Duitsers na hul vaderland terugkeer nie omdat hulle te veel weet „en die Russe die kuns verstaan om iemand te laat praat".**

Op die voetspore van die seëvierende leërs het daar aan die einde van die oorlog spesiale eenhede gevolg wat Duitse wetenskaplikes moes opraap. Hoewel Brittanje ook later aan hierdie breinjag deelgeneem het, was dit veral Amerika en Rusland wat hulle op groot skaal toegelê het op hierdie menslike buit. Diegene wat in Amerikaanse hande geval het, is onder kontrak vir 'n aantal jare geplaas teen lone wat ietwat laer was as wat aan Amerikaanse wetenskaplikes betaal is. Die Russiese gevangenes skyn wel goed betaal te word, hoewel 'n terugkeer na Duitsland buite sprake is. 'n Paar het egter al ontvlug.

Die wetenskaplikes in Amerika sou na die verstryking van hul kontrakte toegelaat gewees het om terug te keer as hulle wou. **Tans sien die Amerikaanse regering egter nie kans om hulle te laat terugkeer in die huidige omstandighede nie. 'n Klein aantal het wel hulle bereidwillig verklaar om in Amerika te bly, maar die meerderheid wil na hul vaderland terugkeer.**

Die Britse regering daarenteen het so pas besluit om na aanleiding van 'n ondersoek as gevolg van die Fuchs-geval een van sy Duitse wetenskaplikes wat vir atoomnavorsing gebruik is, terug te stuur omdat hulle hom nou nie meer vertrou nie.

## Hoër Boukoste En Minder Arbeidsvrug

**Boukoste in Brittanje is omtrent twee-en-'n-half maal so hoog as voor die oorlog, terwyl die produktiwiteit van die werkers met een-derde afgeneem het, is die bevinding van 'n kommissie van ondersoek wat bestaan het uit amptenare, bouers en vakbondverteenwoordigers. Die verslag meld dat werkers se moraal en arbeidsprestasie laag is en dat hulle hul voorregte misbruik.**




**GROOT-of klein?**

*Albei* se inhoud het VOLLE BESKERMING nodig teen moontlike skade deur—

- Brand
- Inbraak
- Storm
- Water
- Aardbewing
- Onluste
- Ontploffings, ens.

Verkry vir uself VOLLE BESKERMING deur—
'n „HUISBEWONERS-polis" by


**SANTAM**

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke en Agentskappe Oral

2808-9a





BEROEMD *en* WELBEKEND
*oor die 66 jaar vir*
BESTE WAARDE
*in*

**KLAVIERE**


*VLEUELKLAVIERE*
*HUIS- EN KERKORRELS*

sowel as alle

ander soorte MUSIEKINSTRUMENTE en Toebehore.
GRAMMOFONE, Plate, ens. — DRAADLOOSTOESTELLE
BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid

*Spesiale Afdeling:*

**WAPENS**



PATRONE, Jagbenodigdhede, VERKYKERS, Weerglase
Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.

*Nuwe afdeling vir*
YSKASTE • ELEKTRIESE STOWE • Elektriese Artikels

**R. MÜLLER (Eiens.) BPK.**

Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### GEBOORTE

**V. D. MERWE.**—Aan Wollie en Marie, gebore Mouton, van Somarso, Goudiniweg, 'n fris seun op 27 April in die Eike-kraaminrigting. Albei wel. Dank aan dokter en suster. 3/5/1

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar,** en u aan die ergste onderwerp skryf, dan vir oulaas, raadpleeg **Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg.** (Nr.1) 1/9/49

### MARK AGENTE

**Kamerade Aandag!** As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos darem so af en toe julle besendings deel, of hoe? Merk julle besendings **Bellingan, U.T.H.,** die Spoorweë verkies dit so. Plaas julle bestellings vir vrugtebome vroegtydig by **Sunrise Nurseries, Posbus 4 Nuweplaas.**

19/4/TK

### TE KOOP

Muilswingels teen 6/- en donkieswingels 5/6 een, trek, draaghoute teen 6/- een, op Serpentine systasie gelewer. **Koos Botha.**

3/5/4


## VERVOERDIENS

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**

**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**
**PAROW**


### MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

### SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter,** Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein.
19/1/TK

Nuwe seisoen sout in sterk sakke as volg:—
Spesiale sneeuwit 80/- per ton.
Sneeuwit No. 1 70/- per ton.
Wit No. 2 60/- per ton.
Wit No 3 50/- per ton.
Sneeuwit fyn tafel- en bottersout per 200 pd. 10/-; 100 pd. 5/-; 50 pd. 2/6. Vry gelaai soutwerke vir tevredenheid en dadelike aflewering, probeer:— **M. Fourie, Veldkornet, P/Sak No. x4, Arbeidsloon, Bloemfontein.**

### VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK

**Direkteure:**
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.

Potgieterstraat 258,
h/v Pretoriusstraat,
PRETORIA.

Teëls (Vloer en Muur), Kombuisopwasbakke (Terrazo en Vleklose staal), Vuurherde, Septiese eenhede vir gesondheid, Pilare, Wasvate, Bouers- en Loodgietersbenodigdhede, Staalrame, Verf, ens. 3/5/T.K.

**Hoë kommissarisse** sal wedersyds deur die Unie en Suid-Rhodesië binnekort aangestel word, volgens aankondiging deur die Rhodesiese goewerneur.

# Die Tyd Word Min!

Almal wat **republikeine** is . . .
Almal wat ware **volkseenheid** nastreef . . .
Almal wat 'n **blanke toekoms** soek . . .
het belang daarby dat Die O.B. deur soveel as moontlik gelees word.

Help ons om nog 'n intekenaar te kry en u skakel nog 'n krag by in die stryd vir volk en vaderland.

Vul onderstaande intekenvorm in en pos saam met geld aan Die Sekretaris, Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

## *Intekenvorm*

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....................*

*.............................vir die eerste.....................maande.*

*NAAM.....................................................*
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES.................................................*

...........................................................

...........................................................

...........................................................
*Handtekening.*

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

# ,Inenting Kan Tering In Paar Geslagte Uitdelg'

## *Siekte In Unie Na Verhouding 6 Maal Erger As In V.S.A.*

**„Die enigste hoop teen tering is verpligte inenting met die entstof BCG," het dr. E. J. O'brien, hoof van 'n Amerikaanse teringinrigting, onlangs by geleentheid van 'n mediese konferensie gesê en daaraan toegevoeg dat indien alle kinders kort na geboorte met die entstof behandel word, daar rede bestaan om te glo dat tering binne 'n paar geslagte heeltemal uitgewis kan word. Die stof het geen waarde vir iemand wat reeds die siekte het nie, maar is 'n baie goeie voorbehoedmiddel.**

Die Unie van Suid-Afrika het kort gelede vir die eerste maal hierdie entstof ingevoer toe dit spesiaal per vliegtuig laat kom is vir toediening aan 'n aantal Kleurling-verpleegsters wat vir diens opgelei is by die teringinstituut te Westlake.

Oor die waarde van die entstof bestaan daar nog verskil van mening in mediese kringe. 'n Kaapstadse geneesheer het in 'n persoonderhoud gesê dat dit nie immuniteit bied soos inenting teen witseerkeel nie, dog slegs bykomende beskerming verleen. Dr. O'Brien en ander dokters handhaaf egter die mening dat die wêreld heeltemal gevrywaar kan word van die siekte deur middel van inenting.

In Japan word inenting sedert die einde van die oorlog op algemene skaal angewend, en die sterftesyfer onder die 31,000,000 behandeldes het met 88 persent gedaal.

### AL HOOP

Amerika self gebruik nog nie die middel op algemene skaal nie, hoewel hy verskillende fabrieke het wat dit vervaardig. In sy toespraak het dr. O'Brien onder meer gesê:

„Laat ons die eerlikheid openbaar om die vrugteloosheid van die huidige metodes in die bestryding van tering te erken, en die moed om 'n program van grootskaalse inenting met BCG te loods, waarsonder die wêreld oor 'n duisend jaar nog net so ver van 'n oplossing van die vraagstuk sal wees as vandag. Volgens my mening is daar sonder inenting soos in die geval van witseerkeel en pokke geen hoop teen tering nie."

**Syfers** openbaar **dat Suid-Afrika een van die grootste teringlande van die wêreld vandag is. Met sy bevolking van ongeveer 12 miljoen is daar ongeveer 250,000 teringlyers in die Unie en 20,000 sterfgevalle jaarliks, teenoor 500,000 lyers en 50,000 sterfgevalle in Amerika met sy bevolking van 150 miljoen.**

## BEAUFORT-WES VOEL MEE

Dit is met groot meegevoel dat ons O.B.'s van Beaufort-Wes verneem het van die ongesteldheid van ons K.G.

Ons gun hom die welverdiende rus, en dra hom op aan die groot Geneesheer, met die geloof en vertroue dat hy gou weer volkome herstel sal wees.

Hiermee wens ons ook prof. D. J. van Rooy geluk met die eer wat hom te beurt geval het, om in die K.G. se plek te staan. Ons wens hom alle voorspoed en sukses toe met die swaar taak wat op sy skouers rus.—(Kor.)

## Eis Meer Lewens As Enige Ander

Volgens 'n verklaring van die Minister van Gesondheid verlede week in die parlement is daar in die Unie se ses teringhospitale nog maar altesame tussen 1,500 en 1,600 beddens waarvan 1,200 vir nie-blankes is.

Terselfdertyd is berig dat die Suid-Afrikaanse Teringvereniging by geleentheid van sy jaarvergadering in Oos-Londen besluit het op die voorlegging aan die regering van 'n plan wat teen 1957 10,000 beddens vir teringlyers beoog. Die koste sal uiteindelik op £2½ miljoen per jaar te staan kom.

**Volgens 'n verslag van die Kaaplandse Teringraad, so pas beskikbaar gestel, sterf daar jaarliks in die Unie 750 blankes, 800 Asiate, 4,500 Kleurlinge en 8,000 stedelike naturelle aan tering, wat vandag die grootste lewenseiser van alle siektes is. Daar word geskat dat ongeveer 6,000 bykomende sterfgevalle nooit aangemeld word nie.**

## TAGTIGJARIGE SE WAARDERING

„Ek is al 80 jaar oud en my vrou 73. Ons is seker van die oudste intekenare, maar ons geniet Die O.B., en die nuus wat dit bevat is die enigste nuus wat nog geloofwaardig is," skryf mnr. H. S. Theron, Pk. Randgate, Transvaal, in 'n brief waarin hy sy intekengeld vir die nuwe jaar stuur.

## MINDER BOEKE WORD GELEES

Die afset van Afrikaanse boeke het in die afgelope vyftal jare aansienlik afgeneem as gevolg van 'n inkrimping van die leserskring. Waar daar in 1945 van 'n goeie roman waarskynlik 14,000 eksemplare gedruk is, is uitgewers vandag nie bereid om meer as 2,000 eksemplare as 'n eerste oplaag te druk nie.

Hierdie mening is deur die Afrikaanse skrywer „Mikro" (mnr. C. H. Kühn) uitgespreek toe hy 'n vergadering van die Afrikaanse Leeskring op Oudtshoorn toegespreek het.

# *Britte Wil Duitse Verset Ruil Vir Paar Ligte Fabrieke*

**Die Britse militêre goewerneur in Wes-Duitsland het verlede week aan die Duitse regering aangebied om 15 afdelings van die reuse-Goering-staalwerke by Watenstedt-Salzgitter vry te stel van aftakeling op voorwaarde dat die Duitsers geen verdere teenstand bied aan die aftakeling van Duitse fabrieke nie.**

Hierdie gespaarde afdelings sal dan omskep kan word in fabrieke vir „vreedsame produksie". Een van die belangrikste fabrieke, wat minderwaardige yster omskep in hoëgraadse yster, wat die Duitsers baie graag gespaar wou hê, val nie onder die groep wat gespaar sal word nie.

Soos onlangs in Die O.B. deur ons Duitse korrespondent berig, is die omgewing van Watenstedt-Salzgitter baie ryk aan ystererts van minderwaardige gehalte. Die Duitsers het egter daarin geslaag om deur middel van 'n proses hierdie yster reg-streeks tot yster van hoë gehalte te verwerk. Dit wil die Britte nie meer toelaat nie.

## Vooruitsigte Vir Duitsland

Amerika maak voorsiening vir 'n verdere besetting van Duitsland vir nog vyf jaar. Intussen het die ekonomiese raadgewer van die Verenigde State in Duitsland, Robert Hanes, verklaar dat Duitsland se herstel op nywerheids- en landbougebied verbasend en bo verwagting van die mees optimistiese waarnemers was, hoewel daar nog baie werkloosheid is. Die lewensstandaard is byna wat dit voor die oorlog was, het hy gesê. Marshallhulp, hardwerkendheid en vasberadenheid was vir hierdie gunstige wending verantwoordelik.





ROOK
# Kommando
Die Vriendelike Sigaret

GI-3006

# DIE Boere Jeug

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 10 MEI 1950

## ONS VERVOLGVERHAAL

# SOKKERSPAN in DONKERBAAI

**(DEUR OOM WILLEM)**

„Is jy bang? Klim af, man, die haaie sal nie nou-al byt nie." Met laaggety het die boot diep onder die kaai gelê en Vaalwater se seuns was nie almal aan die see gewoond nie. Wouter het met hande in die broeksakke almal manhaftig beduie. Hy was immers hulle kaptein en moes toesien dat alles goed afloop. Hy sou tot laaste op die kaai bly om te verseker dat sy elftal en twee reserwes behoorlik aan boord gaan voordat hyself afklim.

„Stadig daar," het die skipper tussen sy pyp en tande deur gesê.

„Ag, dis nie hoog nie! Komaan, Jean, roer jou, jong en klim af. Dit sal middag wees voor ons hier wegkom."

Wouter was in sy element. Dit was sy plan om die span al vandag oor te bring. Hulle sou eers Saterdag oorkom, net betyds om Donkerbaai se boere te wys hoe lekker behoort gespeel te word, maar Vrydag is tog vakansie en hulle kon net sowel die plek 'n bietjie bekyk. Hy was tewens ook die een wat vir au Liebeström of liewer „die skipper" soos die ou homself noem, langs die kaai gekry het. Hy het regtig daarna uitgesien om met die „Albatros" na Robben-eiland te vaar. Dat Jean so huiwerig was, het water op sy meul gegooi. As die Jean met sy vaal gesig nie so 'n nugter en veilige doel-wag was nie, sou hy hom nooit in die span gesit het nie. Hy was 'n bietjie vererg dat die ander ou man ook moes saamry. Die oom Hans was immers nie genooi nie en kon netsowel tuisgebly het.

„Almal aan boord," het hy geskree toe hy op die dek klim.

Skipper Liebeström het sy pyp effe verskuif en sy oog oor die twee volk op die kaai gegooi.

„Voor en agter los!"

Doons het die voortou losgemaak en die punt behendig op die dek gegooi voordat hy met die kaai-leer afklim.

Die „Albratros" het effens gewaggel soos 'n voël wat op haar eiers regskuif en die voorskip het met die deining in die hawe gedraai.

April het 'n rukkie gesukkel om die tou van die agterskip los te kry. Die skipper het intussen die motor aangeskakel.

Wouter het op en af op die klein dek gestap presies soos „Captain Blood" dit sou gedoen het. Dit was die eerste maal dat hy aan boord gaan, maar niemand sou dit sê nie.

April het sy tou losgewoel en vinnig met die leer afgekom voordat die boot begin uitskuif.

„Voor en agter los, Baas!" het hy met 'n singstem gesê sodra hy op die dek geklouter het.

Doons was reeds reg met sy hoekhaak om teen die kaai aan te spoor. Met April se hulp het die „Albatros" geleidelik 'n paar tree gevorder.

„Reg, Skipper," het oom Hans in sy skor stem gesê.

Skipper Liebeström het die hefboom van die versneller oorgestoot sodat die skroef al sukkelend begin draai het.

Die „Albatros" het gebeef soos 'n dier wat 'n sprong gaan waag en stadigaan gehoor gegee aan die skroef en die stuur wat sy voorskip in die rigting van die see gedwing het.

Met Doons by die katrol het die voorseil alle voordeel van die landwindjie getrek wat in ligte kabbelings oor die water gespeel het.

April was nog nie so 'n ervare seeman soos sy broer nie, maar het sy bes met die klein agterseil gedoen sodat die ook spoedig in die wind gebol het.

Die motor was in volle vaart en die water binne die hawe kalm. Die „Albatros" met passasiers en al het letterlik voor die wind geseil.

„Daar gaan ons Boere! Slaan die ghitaar, Koos-Piet."

Met een hand liggies teen die mas het Wouter homself maklik balanseer. Hy kon sommer voel dat die bloed van voormalige Geuse in sy are vloei. Die see is darem maar 'n man se plek.

Koos-Piet het op die luikdeksel gaan sit en sy ghitaar vir die soveelste maal gestem. Met Jean en sy mondfluitjie by, het „Daar kom die Alibama" lugtig oor Donkerbaai weerklink.

„En waar gaan julle miskien?" het Doons en April se vriende vanaf 'n geankerde vissersboot verneem.

„See-toe, of waarheen dink jy straks!" Doons was danig in sy glorie om die besoekende span aan boord te hê.

„Ons gaan nou eers vir Vaalwater wys hoe lyk die see en môre sal Vaalwater vir julle soutes wys waar word die bal geskop!"

„Goed so, maak die kleinbase seesiek, dan wen Donkerbaai hulle môre so maklik!"

Die „Alibama" was reeds uitgesing en „Ons die kom van Vaalwater waar hulle nog kan sokkerspeel" was aan die beurt toe hulle regoor die lighuis en die rotse kom.

Die „Albatros" het moedig sy voorstewe in die eerste groot golwe ingestoot terwyl sy skroef se skuim in die stil hawewater vervaag het.

Axel Liebeström het self sy boot gebou en by die stuurwiel het hy met al die vertroue van 'n eerbare ambagsman gestaan. Die „Albatros" was van goeie materiaal, eenvoudig, dog besonder doeltreffend gebou. Dit het maklik bestuur en die goeie ewewig het net laag genoeg gelê om in die moeilikste water op gelyke kiel te vaar.

Soos die boot, was ook die skipper nie iemand wat maklik sy ewewig verloor het nie. Sy kalmte kon ewemin deur emosionele storms as hoë golwe versteur word. As die deining kom was hy daarvoor bereid en wanneer sy kiel diep in die trog gevaar het, was hy kalm met die versekering dat nuwe golwe hom wel daaruit sou ophys.

Koos-Piet het 'n nuwe deuntjie begin. „Ver oor die diep blou see" het almal saamgesing. Jean het egter nie meer fluitjie gespeel nie. Hy het 'n nare gevoel gekry en gewens dat hy liewer op land was.

Namate die „Albatros" sy voorstewe hys om die volgende golf se kruin te kloof en die agterskip sak om sy skuimspoor oor die groen oppervlakte te trek, het 'n hoë druk binnekant hom ontwikkel. Sy hande het klam gevoel.

Olaff Hanssen het dit druk gehad om alle vrae van die seuns te beantwoord. Wouter het wel te veel van homself gedink om die oubaas regstreeks vrae te stel, maar het telkens 'n aanmerking wat hy as slim beskou het, gemaak.

„En waarheen vlieg al die voëls?"

„See-toe," het die ou geantwoord. Hy was nie een van die spraaksame soort nie, maar was tog geheg aan jongmense.

Wouter se kennis het hom nie danig geïmponeer nie, maar hy het geduldig geantwoord. Dwarsdeur Donkerbaai was „Oom Hans" een van die bekende figure en het sy permanente plek net soos die ligtoring in almal se lewens ingeneem sonder dat hy ooit opvallend was. Die ou mense was bewus van sy bestaan en die jonges het hom eers leer ken as iemand wat by die prent inpas en daarna aan sy teenwoordigheid gewoond geword.

Die seuns het nog liedjies gesing. Klein eilande wat soms net rotskruine bo die see verhef, waaromheen die golwe wit kringe spoel, het aan bakboord verbygegly. Seemeeue het die wit seile van die „Albatros" gevolg, terwyl 'n paar robbe hier en daar op die eilandjie sigbaar was.

Olaff Hansen het Jean se verleentheid opgemerk en hom na stuurboot geneem waar hy oor die kant van die boot kon leun. Daarna het hy hom agter die stuurhuis laat sit, waar die seun veiliger gevoel het met sy rug teen die planke.

„Dit is Diaz-punt," het die ou vir die seuns verduidelik toe hulle by 'n hoofland verbykom.

„Daar het Bartholomias Diaz met sy eerste reis anker gegooi. Daar is nog 'n kruis wat hy destyds opgerig het."

Die lang vertelling het heelwat van die ou seeman geverg, maar hy het gedink dit was sy plig teenoor die nageslag om hulle die landtekens uit te wys.

Wouter se „Verbeel jou dit nou!" het hom laat berou dat hy dit vertel het. Wouter het egter self gesê dat sy houding nie 'n goeie indruk op die ander seuns gemaak het nie. Hy het probeer om sy fout te herstel.

„Watter kant van die skip is dit dié?"

Olaff Hansen het egter genoeg gepraat vir een dag.

„Dit is bakboord, en dit is stuurboord," het hy gewys, „en dit is onder en daar is bo."

Wouter se sêgoed was hierdie een keer nie toereikend nie. Voordat hy nog 'n gepaste antwoord kon kry het die oubaas aangestap na die stuurhuis waar hy langs sy vriend gaan staan het. Die algemene gelag was ook nie bestemd om Wouter se hoogmoed te streel nie.

„Ek wens die ou groubaard val van die boot af."

„Skaam jou, Wouter," het dit van alle kante af gekom.

„Aag, waarvoor wil hy nou juis met ons saamry en dan nog vir ons kom geskiedenis vertel! Ons het tewens nie hierheen gekom om te leer wanneer en waar die ou Spanjaard geseil het nie."

Daar was 'n rukkie stilte, Olaff en die skipper het selde of ooit woorde gewissel, hoewel hulle baie ure in mekaar se geselskap deurgebring het. Hulle het van dieselfde dinge gehou: die geklots van golwe en die wind in gespanne seile. Saans as hulle by die skipper se huis 'n jenewertjie suig het hulle geluister na storms wat reeds lank verby was en oordags as hulle met die „Albatros" vaar, het hulle daarna uitgesien om weer die aand deur te bring.

Vér voor na bakboord het die hoogland van Robbeneiland deur die mistigheid opgedoem. Almal het dadelik beter gevoel toe hulle bestemming aan die horison verskyn. Selfs vir Jean het die hoop op 'n spoedige landing so aangespoor dat hy begin beter voel het.

„Daar's 'n eiland! Daar's 'n eiland in die see!" het Koos-Piet se ghitaar geslaan en die middel-voor speler het Jean se fluit oorgeneem. Hy het wel baie asem gebruik vir die min melodie wat hy verkry het, maar sy bereidwilligheid is op prys gestel. Sy reisgenote het tewens nie almal gesing om hulle ore te streel nie, maar het liewer die bekende deuntjies gehoor as die geweldige dreuning waaraan hulle nie gewoond was nie.

Skipper Liebeström het effens na bakboord gestuur teneinde om die punte te vaar en die baai vanaf die anderkant te bereik. Die groot voorseil het gebol teen die wind soos Doons die katrol 'n bietjie meer inhaal terwyl die „Albatros" met nuwe spoed voortseil.

Olaff Hansen het met die een hand op die stuurhuis en die ander in sy broeksak 'n lang ruk aandagtig na die suide getuur.

„Sal die ou 'n spook sien?" het Wouter vir die linkervleuel gefluister.

Hulle twee het die seeronding in die rigting dopgehou, maar dit later in vervelentheid opgegee. Daar was niks sigbaar nie.

„Ek verstaan Donkerbaai het 'n klomp swaar voorspelers — ek wonder of ons môre dit so maklik sal hê."

„Aag, die viseters! Dink jy die sandtrappers kan ons iets leer?" Die vleuel het nie in sy kaptein se optimisme gedeel nie.

„Ek wonder, jong, ons agterspelers is nie meer dieselfde vandat Frans en Kalie weg is nie. Sal ons nie vir Piet of halfregs laat speel en Blikkies op die regtervleuel nie?"

„Nee, man, die span is goed soos ek hom opgetrek het. Donkerbaai kan ons niks leer nie. Ek sal nie verbaas wees as hulle vir ou Hans self agter laat verdedig nie."

Wouter was baie bewus van die feit dat hy kaptein was. Hy het nie graag wenke van ander ontvang nie.

„Ek hoop maar net dit is môre so 'n lekker dag soos vandag. Die baai se manne is gewoond daaraan om in slegter weer te speel," het die linkervleuel gewaag.

„Ons sal hulle opdons al kom Stormkaap se wind ook op," het Wouter hom verseker.

„Axel, h'm, sien jy wat ek sien?"

(Word vervolg)

## VERJAARDAG-KETTING

**MEI**

10 Elma de Waal, Paarl.
11 G. Rademeyer, Oudtshoorn.
12 Elsie Robbertse, Rustenburg.
Paul Roux, Franschhoek.
13 Neelsie van Wyk, Matooster.
Pieter Strachen, Middelburg, Tvl.
Abraham Cohn, Luckhoff.
14 Yvonne Taljaard, Belgravia, Johannesburg.
Helene Erasmus.
Maria le Roux, Stellenbosch.
15 Petrus Pieters, Frankfort.
Helena Lombard, Luckhoff.
16 Levina du Preez, Mooinooi.

# APARTE ARMOEDE?

**„Rebelse O.B.-moeder", Paarl, skryf:**

Ek wil hiermee net aan ons leier vra wat ons nou te doen staan, want die hudige regering maak dit darem nou waarlik onmoontlik vir die gemiddelde huisgesin om te bestaan.

My man het twee jaar gelede begin met bou-kontrakwerk waarvan hy deeglik kennis het. Lone gaan toe op, petrol was die volgende op die lys, toe boubenodigdhede en algemene lewenskoste, en toe alweer petrol om maar net 'n paar dinge te noem.

Nou vra ek, wat baat dit nou dat die regering ons witbrood toelaat as mens nie witbrood kan bekostig nie?

Niemand kan nou laat bou nie, so wat baat dit dat permitte afgeskaf is?

En moenie miskien dink omdat ek so rebels skryf dat ek Sap-gesind is nie. O nee, en ek wil ook nie hulp vra nie, net 'n eerlike kans om te kan lewe.

Ons betaal nog af op ons huisie, ons oudste dogtertjie neem musiek, moet ons alles waarvoor ons geswoeg het, prysgee vir 'n regering se grille.

Apartheid is goed, maar gaan ons armblankes word en darem maar gelykstaan aan die gekleurde rasse al sit ons in aparte busse, trems en treine?

Om terug te kom na die broodkwessie: ek en my gesin sal glad nie omgee om witmeel geheel en al prys te gee nie, solank die nodige voedsel se pryse daal nie.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# ALMAL SE HULP NODIG

**Adv. Roché Pohl, skryf:**

In antwoord op „Republikein" in u uitgawe van 19 April, vergun my asseblief 'n paar woorde.

Die brief van „Republikein", as ek daarop in besonderhede sou ingaan, kan alleen lei tot besprekinge van die relatiewe waarde van die werk, wat A, B of C ens. gedoen het vir Afrikanerdom in Port Elizabeth. Dit sou miskien nie vrugteloos wees nie maar tog nie van algemene belang nie.

Verder sal „Republikein" besef dat ek as 'n oudstryder van 1899 — 1902 en as 'n student van die staatkunde, die grootste hekel het in die ingevoerde partystelsel, maar in die veranderde wêreld van vandag, meer as ooit tevore, voel ek dat ons elke nasionaalgesinde persoon in ons geledere moet verwelkom, te meer, wanneer sodanige persoon ons kan help om die partypolitieke stelsel uit te skakel.

Miskien, meneer „Republikein", sal u my die eer bewys en die plesier verskaf, om met my in verbinding te tree, wanneer ek u kan inlig omtrent sekere aspekte van die sake waaroor u brief handel.

# MAATREËL MET WYE TREFKRAG INGEDIEN TEEN KOMMUNISME

**'n Diep ingrypende maatreël is verlede Vrydag deur die Minister van Justisie, mnr. C. R. Swart, by die volksraad ingedien met die oog op bestryding van die Kommunisme. Volgens die wetsontwerp sal die Minister magte toegeken word wat hom in staat sal stel om enige Kommunistiese organisasie in die ban te doen en lede van sulke organisasies te belet om lid te wees van die parlement, die provinsiale raad en ander openbare liggame waartoe besluit mag word.**

**Die maatreël dek so 'n wye veld dat self nie-kommunistiese organisasies in sekere omstandighede binne die bestek daaran kan val. Die omvangryke bepalings van die wetsontwerp is nodig geag om die stryd teen die Kommunisme so waterdig as moontlik te voer en te verseker dat hulle nie hul strewe onder valse vlag voortsit nie. Daar bestaan dus geen rede om te glo dat nie- of anti-kommunistiese organisasies in die huidige omstandighede daardeur getref sal word nie, hoewel sulke gebeurlikhede vir die toekoms nie uitgesluit is nie.**

Die vernaamste bepalings van die wetsontwerp is dat dit die staat reg gee om deur middel van proklamasie 'n organisasie onwettig te verklaar as die goewerneur-generaal daarvan oortuig is:

1. Dat die organisasie deur sy naam of anders betuig dat hy 'n organisasie is vir die propagering van die beginsels of die bevordering van die verspreiding van die Kommunisme (met terugwerking tot op die dag van indiening van die wetsontwerp).

2. Dat een van die doeleindes van die organisasie is om:

**(a) Die beginsels van die Kommunisme te propageer of die verspreiding daarvan te bevorder of**

**(b) die vestiging te bevorder van 'n regeringstelsel waaronder slegs een politieke organisasie erken word en alle ander politieke organisasies onderdruk of uitgeskakel word, of**

### VERANDERING VAN STELSEL

**(c) Om 'n politieke, industriële of ekonomiese verandering binne die Unie te weeg te bring deur die bevordering van onluste of wanorde, deur onwettige doen of late of deur bedreigings met sodanige doen of late deur middels waarby die bevordering van onluste of wanorde, of sodanige doen of late of bedreigings inbegrepe is.**

(d) Om so 'n verandering teweeg te bring ooreenkomstig die voorskrifte of onder leiding van 'n vreemde regering of 'n vreemde instelling wie se doel (betuig of anders) is om die vestiging binne die Unie te bevorder van 'n politieke, industriële, maatskaplike of ekonomiese stelsel wat van dieselfde soort is as 'n stelsel wat in 'n vreemde land in swang is, of

### BEPAALDE KLAS

(e) Die belange van 'n vreemde regering of van so 'n vreemde instelling of van alle permet inbegrip van buitelanders te dien of te bevorder selfs waar dit skadelik vir die belange van die Unie sou wees.

Verder kan 'n organisasie verbied word indien die goewerneur-generaal oortuig is dat die organisasie, hoewel hy nie van 'n voorgenoemde doel betuig nie, hom besig hou met bedrywighede wat bereken is om die verwesenliking van so 'n doel te bevorder.

Ten slotte kan 'n organisasie belet word indien dit regstreeks of onregstreeks beheer word deur 'n organisasie wat in die bogenoemde kategorieë val.

### BEROEP OP HOF

**Sodra 'n organisasie onwettig verklaar is, mag niemand ampsdraer of lid van die organisasie word of bly nie en niemand mag 'n kenteken van so 'n organisasie dra nie.**

Binne die eerste drie maande van die onwettigverklaring van 'n organisasie kan 'n hof uitspraak doen oor die geldigheid van die verklaring, maar nie later nie.

'n Organisasie wat onwettig verklaar word se eiendom kan deur die staat verbeurd verklaar word.

### NAAMLYS

**Daar word verder voorsiening gemaak vir die opstel van 'n lys van name van persone wat aan onwettige organisasies behoort, en iemand wie se naam op die lys verskyn, kan deur die minister belet word om lid te wees of te word van die parlement, die provinsiale raad, die wetgewende raad van Suidwes of van 'n ander openbare liggaam wat die minister bepaal.**

Publikasies van Kommunistiese aard of van onwettigverklaarde organisasies kan ook sonder waarskuwing verbied word.

Byeenkomste wat volgens oordeel van die minister die verwesenliking van doeleindes bevorder wat 'n organisasie blootstel aan onwettigverklaring, kan verbied word, en enigiemand kan in sulke omstandighede verbied word om in 'n vasgestelde tydperk en in 'n vasgestelde gebied enige byeenkoms by te woon. **Ook kan die minister persone wat bogenoemde doeleindes bevorder, belet om vir 'n bepaalde tyd binne 'n bepaalde gebied te wees.**

### BEWYSLAS

Hoogstens vyf jaar tronkstraf kan toegepas word op persone wat hulle skuldig maak aan oortreding van die bepalings van die wetsontwerp, terwyl hoogstens drie jaar tronkstraf van toepassing kan wees op persone wat toelaat dat genoemde onwettige bedrywighede op hul eiendom plaasvind. **In 'n strafsaak of siviele saak wat uit die wet voortspruit, word vermoed, totdat die teendeel bewys is, dat die persoon lid of aktiewe ondersteuner is of was van die betrokke organisasie.**

# ONLUSTE VOLG OPSWEPING

Nadat die minister van Justisie die sogenaamde „vryheidsdagvierings" wat vir 1 Mei deur Kommunisties-georiënteerde nieblanke organisasies bepaal was, in die ban gedoen het, het groot getalle naturelle op die aand van 1 Mei tot verspreide onluste aan die Rand oorgegaan, in die loop waarvan 18 naturelle doodgeskiet en meer as dertig gewond is.

Die ferme optrede van die polisie het algemene goedkeuring in die land weggedra, en genl. Smuts het geweier om partypolitieke munt daaruit te slaan toe mev. Ballinger 'n mosie in verband daarmee in die parlement voorgestel het.

sone in 'n bepaalde kategorie

# BELLVILLE KRY NUWE GENERAAL

**Op Maandagaand, 1 Mei, het adv. J. de Vos, hoofgeneraal oor die Kaapse Skiereiland, die offisiere van die noordelike stadsgebied (generaalskap A2) saamgetrek in die Kerksaal op Bellville. Die geleentheid was die aanstelling van mnr. Bertus van Rooy as bevelvoerende generaal oor die afdeling.**

Mnr. Van Rooy het gesê dat hy persoonlik elke kommando en daarna elke veldkornetskap sal besoek. Hy het sy offisiere aangemaan om baie intensief te organiseer.

Die offisiere het mnr. Van Rooy versoek om persoonlik hul simpatie te betuig met oudgeneraal Gustav Retief, wat ernstig siek is, en hom goeie beterskap en welstand toe te wens. Adv. De Vos is versoek om, namens die offisiere, 'n brief aan dr. Van Rensburg te rig om hom van hul trou te verseker en hom 'n spoedige herstel toe te wens.

Die beginsel van gesinsbearbeding is op die raad bespreek sowel as die kwessie van 'n vroue-raad van die Kaapse Skiereiland.

# VOER DALK EENDAG NOG PETROL UIT VAN S.A. STEENKOOL

**Die moontlikheid dat Suid-Afrika in die toekoms nog 'n uitvoerder van uit steenkoolvervaardigde petrol kan word is deur die staatsmyningenieur, mnr. D. G. Malherbe, uitgespreek toe hy die Suid-Afrikaanse Chemiese, Metallurgiese en Mynvereniging in Johannesburg toegespreek het.**

**Buitelandse mededinging op daardie gebied is onwaarskynlik weens die betreklike lae koste van steenkool in Suid-Afrika, het mnr. Malherbe verduidelik.**

**Die verskil tussen produksiekoste in Engeland en Suid-Afrika kan in die buurt van 1s. per gelling in Suid-Afrika se guns wees, het hy gesê.**

Dit is waarskynlik dat die eerste fabriek in Suid-Afrika oor sowat vier jaar met die vervaardiging van brandstof uit steenkool kan begin. In die buiteland het pogings in hierdie rigting onekonomies geblyk te wees. 'n Deeglike ondersoek het 'n belangrike onderneming egter tot die oortuiging laat kom dat die proses hier weens twee redes ekonomies aangewend kan word.

In die eerste plaas is daar die lae prys van steenkool in Suid-Afrika (7s. 4d. per ton, teenoor 45s. in Engeland, Frankryk, Nederland en Duitsland, 65s. in België, 34s. in die V.S.A., 36s. in Kanada en 17s. in Australië).

In die tweede plaas is daar die gunstige geografiese ligging van die beoogde fabriek en die streek wat voorsien sal word.

### SAL STYG

Petrol en dieselolie ter waarde van sowat £15,000,000 per jaar word tans deur die Unie ingevoer. Dié syfer styg vinnig en indien die toenemende gebruik van masjiene op die plase in gedagte gehou word, sal die syfer in die toekoms nog vinniger styg. Die beoogde fabriek stel nie alleen in die vooruitsig dat die Unie later in die meeste van sy behoeftes sal kan voorsien nie. Die dag sal kom wanneer die voorraad natuurlike brandstof nie aan die vraag van die wêreld sal kan voldoen nie. Met hul hoë steenkoolprys sal ander lande nie petrol so goedkoop kan lewer as Suid-Afrika dan nie, het mnr. Malherbe gesê.

# Kaapland Verloor 'n Vroueleidster

**Mev. H. S. Brink, pastoriemoeder op Sutherland, is verlede Vrydagaand skielik aan haar woning oorlede as gevolg van hartaandoening en is Sondag onder blyke van baie groot deelneming ter aarde bestel.**

Wyle mev. Brink het in haar nuttige en veelsydige lewe ook 'n leidende rol gespeel in die Ossewabrandwag. Sy was 'n groot krag in die vroue-organisasie van die beweging. En as senior-hoofkommandante was sy een van Kaapland se mees gesiene en beminde vroue-leidsters. Haar oorlye is 'n gevoelige slag vir die beweging — en veral vir die Kaaplandse vroue. Die Ossewabrandwag treur oor haar heengaan maar hy bring terselfdertyd dankbare hulde aan haar nagedagtenis vir die ryke erfenis wat sy nagelaat het.

Terselfdertyd word diepe meegevoel betuig met die agterblywende eggenoot, ds. M. B. Brink, en die seuns en dogters van die oorledene.

Die begrafnis was miskien die grootste in die geskiedenis van Sutherland. Di. A. A. van Schalkwyk, 'n swaer van die oorledene en die Saakgelastigde van die Kaapse N.G. Kerk, en J. J. E. Koornhof, konsulentleraar uit Laingsburg, het die roudiens waargeneem. Ds. P. A. M. Brink, die oudste seun van die oorledene, het namens die familie die aanwesiges in die kerk bedank. By die graf het 'n ander seun, ds. M. B. Brink (jnr.) 'n gebed gedoen.

Die oorledene is in Transvaal gebore — trouens sy was 'n kleindogter van die beroemde Boerekrygsman, genl. Piet Joubert.

Mev. Brink het die plaaslike samelewing gedien in vele hoedanighede. Naas haar bystand aan haar eggenoot as voorbeeldige en gasvrye pastoriemoeder het sy die leiding geneem in talle plaaslike verenigings van 'n Christelike en liefdadige aard. Veral was haar belangstelling toegespits op die opvoeding.



Wyle mev. Brink.

Sy het ook in 'n groter arbeidsveld gearbei. Vir 13 jaar was sy lid van die hoofbestuur van die Vroue-Landbouvereniging. Sy het aan die spits gestaan van die Vereniging se afdeling vir gesondheid en jaarliks het haar verslae oor hierdie bedrywigheid van die Vereniging die kongres besiel. In 1949 is sy deur die Vereniging gekies as hul uniale afgevaardigde na die Nationale Raad vir Kindersorg. By die eerste kennismaking reeds het die raad blykbaar sodanig onder die indruk van haar bekwaamheid en ywer gekom dat sy op die bestuur verkies is.

Voorts het sy die Vroue-Landbouvereniging gedien as uniale tesouriere.

# Voorlopig Geen Versoek Oor Protektorate

Die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, het verlede week in die senaat ver klaar dat hy nog geen stappe gedoen het in verband met die oorhandiging van die protektorate deur Brittanje aan die Unie nie. Die onstabiele regering wat Brittanje vandag het, maak onderhandeling oor die saak moeilik, het hy gesê. Hy wil ook nie dat hierdie saak 'n twisappel in 'n moontlike Britse verkiesing moet wees nie. Daarom neem hy nog 'n afwagtende houding in.

# Mnr. J. H. Moolman In Hoë Amp

Mnr. J. H. Moolman, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Wolraad en van die Nasionale Wolkwekersvereniging, is verlede week gekies tot voorsitter van die uitvoerende bestuur van die Internasionale Wolbevorderings- en Navorsingsfonds wat die Internasionale Wolsekretariaat beheer. Laasgenoemde liggaam wat in 1936 tot stand gekom het, het vandag takke dwarsdeur die wêreld.

# AMERIKA WIL VIR IERLAND IN BRESSE TREE

**Die Amerikaanse wetgewers hou hulle nog steeds besig met die Ierse vryheidsvraagstuk. Die kwessie van aanhegting van die noordelike graafskappe, waartoe Brittanje nog nooit wou toestem nie, is in die huis van verteenwoordigers se komitee vir buitelandse sake behandel na aanleiding van ses voorstelle ter beëindiging van die verdeling van Ierland.**

John Fogarty (Demokraat) het gesê dat die vraagstuk politieke dinamiet is, maar as Amerika die voortou kan neem in die daarstelling van 'n oplossing, sal die Britse regering miskien self bly wees. **'n Verenigde Ierland sal vir Amerika van militêre voordeel en 'n bolwerk teen die Kommunisme wees.**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.